AKADEMIA

AD FUTURUM PER FONTES

# BEVORDERINGSBELEID

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Beleidsnaam** | Bevorderingsbeleid | **Beleidsnommer** | 008_ADM |
| **Goedkeuringsliggaam** | Senaat | **Datum van krag** | 2012-01 |
| | | **Jongste wysiging** | 2023-03 |
| **Weergawe** | 6 | **Verantwoordelike persoon** | Registrateur |
| **Verwante beleide** | • Toelatingsbeleid<br>• Assessering- en Modereringsbeleid | | |
| **Verwante dokumente** | • Jaarboek | | |

# INHOUDSOPGAWE


1. DOEL VAN DIE BELEID ..... 2
2. OMVANG ..... 2
3. STUDENTEREKORDS ..... 2
4. JAARLIKSE AKADEMIESE BEVORDERING ..... 2
5. REGISTRASIEBEPALINGS ..... 3
6. VORDERINGSREËLS ..... 4

## 1. Doel van die beleid

Die doel van die beleid is om vereistes daar te stel vir die jaarlikse bevordering van studente en ook ter behaling van akademiese-kwalifikasies.

## 2. Omvang

Hierdie beleid omskryf die jaarlikse bevorderingsvereistes van programme wat gestel word, sowel as die finale verwerwing van alle Akademia-kwalifikasies.

## 3. Studenterekords

- Studentebesonderhede word vasgelê op die sentrale Bestuursinligtingstelsel (BIS) (Management Information System (MIS)).
- Die akkuraatheid van rekords vir die bevordering en sertifisering van studente word ten doel gestel deur alle stelsels betrokke in die proses en word ook omskryf in die instelling se gehalteversekeringsraamwerk.
- Jaarlikse punte wat vasgelê word, reflekteer die studente se akademiese vordering deur die geregistreerde program.
- Aan die einde van elke akademiese jaar, word die uitslag vir elke student aangedui, asook of die student kwalifiseer om met die volgende studiejaar voort te gaan, indien die kwalifikasie nog nie voltooid is nie.
- By die voltooiing van die kwalifikasie word die status van die kwalifikasie aangepas om aan te dui dat die kwalifikasie voltooi is saam met die opsommende en finale uitslag van elke akademiese jaar, asook of die student ’n onderskeiding behaal het.

## 4. Jaarlikse akademiese bevordering

- Die sentrale BIS word gebruik om die studenterekords te onderhou ten einde die korrekte monitering van studenteprestasie moontlik te maak.
- Sodra alle akademiese jaarresultate vasgelê en gekonsolideer is, sal akademiese rekords uitgereik word.
- Studente wat geregistreer is vir ’n program, maar nie die akademiese jaar suksesvol voltooi het nie, sal kan herregistreer vir die volgende akademiese jaar, maar alle gedruipte modules sal voorkeur geniet tydens die registrasieproses. Fakulteit spesifieke vereistes vir die persentasie krediete wat geslaag moet word, word in die Jaarboek aangedui.
- Studente wat ’n akademiese jaar suksesvol voltooi het, sal aangetoon word as kwalifiserend vir registrasie vir die daaropvolgende jaar indien die program nie voltooi is nie.

# 5. Registrasiebepalings

### Algemeen

- Met die herhaling van ’n module moet ’n student van vooraf deelneem aan alle aktiwiteite en assesserings.
- Indien 50% of meer modules gedruip is in ’n akademiese jaar, moet die student herregistreer vir die gedruipte jaar tot ’n maksimum van 120 krediete.
- Wanneer ’n student registreer, mag die totale aantal krediete nie meer as 145 wees nie.
- Module(s) wat in enige jaar herhaal word, sal as verpligtend geskeduleer word tydens registrasie vir die nuwe akademiese jaar, met geen uitsonderings nie.
- 'n Voorgraadse student mag 'n maksimum van drie keer vir 'n module registreer - sou 'n spesifieke module dan weer gedruip word, sal die student se studies gestaak word tensy 'n relevante en ekwivalente buite kurrikulêre module in die plek van die module geneem kan word.
- 'n Nagraadse student mag 'n maksimum van twee keer vir 'n module registreer - sou 'n spesifieke module dan weer gedruip word, sal die student se studies gestaak word tensy 'n relevante en ekwivalente buite kurrikulêre module in die plek van die module geneem kan word.
- In die geval waar ’n student drie agtereenvolgende registrasieperiodes het sonder die slaging van enige module tydens hierdie tydperk, sal die student se studies gestaak word en geen verdere registrasie vir die betrokke kwalifikasie sal toegelaat word nie.

### Finalejaarstudente

- Met die herhaling van ’n module moet ’n student van vooraf deelneem aan alle aktiwiteite en assesserings.
- Indien ’n student een module gedruip het en die module bevat ’n omvangryke praktiese komponent wat afkampus plaasvind, kan die ter sake departementshoof sy/haar diskresie gebruik in die interpretering van voorafgaande reël.
- Enige student wat slegs een module nodig het om ’n kwalifikasie te voltooi, mag voorwaardelik registreer vir twee modules vir nie-graad doeleindes op ’n hoër vlak onder die volgende voorwaardes:
  - Slegs een module uitstaande om die kwalifikasie te behaal.
  - Die module uitstaande is nie ’n hoofmodule nie.
  - Die module waarvoor die student registreer het geen ander module(s) as voorvereistes nie.

- Mag nie vir enige ander modules in die volgende jaar registreer indien hulle nie die een module geslaag het wat nog nodig is om die kwalifikasie te behaal waarvoor hulle geregistreer is nie.

## 6. Vorderingsreëls

Progressie deur ’n program sal bepaal word deur die struktuur van die program. Om van een jaar tot die volgende in die program te vorder, word bepaal deur die hoofmodules in die program, die voorvereistes wat vir modules gestel is en die suksesvolle voltooiing van hierdie modules.

## GOEDKEURING

| Senaatsbesluit (Goedgekeur/gewysig) | Gewysig deur | Kommentaar |
|---|---|---|
| 2021 gewysig | Liana van Rooy (Registrateur) | Redaksionele veranderings |
| 2022 gewysig | Liana van Rooy (Registrateur) | Verandering in aantal registrasieperiodes vir nagraadse modules<br>Punt 5 Registrasie bepalings<br>Redaksionele veranderings |
| 2023 gewysig | Liana van Rooy (Registrateur) | Punt 5 verander dat uitsluiting betrekking het tot huidige program en nie instelling nie. |